
# 14 As die Heer ons pad rig



Nie ’n skadu omhoog,
nie ‘n wolk voor ons oog;
voor sy glimlag gaan onweer verby,
en geen twyfel bly staan,
ook geen sug en geen traan,
as ons glo en gehoorsaam ook bly!

***R.*** *Volg Hom, vertrou, slegs maar een weg vir jou;*
*doen die Wil van die Heiland, eer sy woord en vertrou!*

Dra jou laste soveel,
wyl jy ander s’n deel,
jy sal seker jou loon eendag kry.
Die verlies wat jy ly,
en die stryd wat jy stry,
word beloon as jy pal in Hom bly! ***R.***

Om die volheid te kry
van sy liefde so vry,
mag ons niks vir onsself hier behou.
Maar sy guns sal Hy gee,
en sy vreug deel Hy meer,
as ons doen wat Hy sê en vertrou. ***R.***

In gemeenskap so soet,
ssit ons dan aan sy voet,
of ons wandel met Hom in sy weg.
In sy woord wil ons bly,
ons wil gaan waar Hy lei,
moenie vrees nie, vertrou en doen reg! ***R.***